saam-paat-papier 31 Julie 2016

# PAULUS LEER ONS BETER BID (DEEL 1)

2Ts 1:1-12
Van Paulus, Silvanus en Timoteus. Aan die gemeente van die Tessalonisense wat aan God ons
Vader en die Here Jesus Christus behoort. (2) Genade en vrede vir julle van God ons Vader en
die Here Jesus Christus! (3) Ons moet God altyd vir julle dank, broers. En dit is ook reg, want
julle geloof neem sterk toe, en sonder uitsondering word julle liefde vir mekaar altyd meer. (4)
Daarom praat ons met trots van julle in al die gemeentes van God en vertel ons van julle
volharding en geloof onder al die vervolging en lyding wat julle moet verduur. (5) Dit alles is 'n
bewys van die regverdige oordeel van God, naamlik dat Hy julle geskik geag het vir sy koninkryk,
waarvoor julle nou ook ly. (6) God is tog regverdig: die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy
as straf ook laat ly; (7) en aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here
Jesus met sy magtige engele (8) in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense
straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie.
(9) Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die
Here en van sy wonderbaarlike mag. (10) Dit sal gebeur op die dag wanneer Hy kom om
verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo. Julle sal
ook daar wees, want julle het ons getuienis aan julle geglo. (11) Daarom bid ons ook altyd vir
julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur
sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak. (12) So sal die Naam
van ons Here Jesus deur julle verheerlik word, en julle deur Hom, in ooreenstemming met die
genade van ons God en van die Here Jesus Christus.

**PAULUS LEER ONS BETER BID** (DEEL 1):

1 MET DANKBAARHEID (VS 3,4)

2 MET VOORBIDDING (VS 11)

3 MET DIE DOEL: VERHEERLIKING (VS 12 A)

4 OP GROND VAN GENADE (VS 12B)






SAAM- PRAAT:

1 Wat is gebed volgens jou? Beskryf dit in eie woorde.

2 Waarvoor is jy dankbaar wanneer jy vir ander bid ?

3 Hoe sal dit jou gebede verbeter as jy Paulus se voorbeeld navolg in gebed? mbt

3.1 Dankbaarheid (gesindheid en waarvoor dankbaar)

3.2 Voorbidding (bv waarvoor)

3.3 Doel (met watter doel ons bid)

3.4 Grond van gebed (op grond waarvan dink ons sal God gebed antwoord)